DIE GEREFORMEERDE
Vroueblad
APRIL 2020

PAASFEES
Dit is volbring…
†Jesus se lydingspad
†Jesus se offerwerk

Die eggo van Jesus se volbragte werk

PRYSE (per tydskrif)
SELF-AFHAAL: R21-90 | GROEPE (POS): R31-90 | INDIVIDU (POS): R34-36 | ELEKTRONIES: R11-45

Inhoud

Maart 2020

GEREELD

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat
5 Sodat my huis kan vol word: Nooi sondaars uit na Jesus se teenwoordigheid

IN-DIEPTE

6 Christus se pad van lyding eindig
8 Christus se offerwerk is voldaan
10 Die eggo van Christus se voltooide taak

LEEFDINGE & LEESDINGE & SIELSDINGE

12 Kan ek ooit sê my werk is klaar?
14 Teks & Vers: Jesus aan die kruis
16 Boekeblad: *Gebede uit die Bybel*
18 My krisis het my gemoedsrus gesteel
20 En so is sy haar graf in
22 Neersitplek vir my seer
24 Gemeente-Mosaïek: Hartbeespoort Herfsmark
26 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by GK Derdepoort
28 Resepteblad: Geurige Vleisbroodjie
29 Lees in Mei 2020
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Mense in die Bybelse tyd (3)
32 Kaleidoskoop April 2020

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander publikasies van die GKSA:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
*Facebook*blad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad … hier deel gelowige vrouens hulle harte met mekaar. Vertel 'n bietjie vir ons wat leef in jou hart en gedagtes wanneer jy weer hierdie Paasfees fokus op Jesus se kruisiging en nadink oor die betekenis daarvan vir jou lewe.

JAARGANG 74 NOMMER 10

Dit is volbring!

brief van die redakteur

die voorhang skeur
'dit is volbring'

toe die laaste druppel bloed
teen die kruis afkreukel
stort gouereëngenade
deur Sy oopgevlekte wonde
en golf in vol vloed
oor ons skarlákensonde

(Laaste 2 strofes van gedig *Die Kruisiging* deur Charmain Potgieter; http://www.woes.co.za/bydrae/gedig/die-kruisiging)

Liewe susters,

Ek kom net nie heeltemal los van my en Abel se geloofsvriend, Johannes Bingle, se preekbundel Vensters oop op Golgota nie… in April 2011 het hy goedgunstelik ingestem dat ons Paastema maar sy bundel se titel mag dra. Toe kon ons sy pennevrug geniet oor die kringe om die kruis. Verlede jaar het ons in April saamgepraat oor die vrouens rondom Jesus se kruis, en ons het wéér geput uit Johannes se Vensters-Oop-op-Golgota-fontein.

Die tema van hierdie jaar se Paasuitgawe, "Dit is volbring", het die preek oor die voorlaaste kruiswoord uit hierdie bundel helder voor my geestesoog opgeroep. Vir die soveelste keer het ek die nou al voosgeleesde boek nadergetrek en ons kon maar net die emmer drie keer in een preek laat sak om uit hierdie fontein 'n trilogie artikels te trek.

Paastyd is altyd vir my 'n tyd van stil-gaan-staan voor die heuwel Golgota… van stilword voor die wonder van God se verlossingswerk en versoening. En wanneer 'n deurwinterde teoloog vir jou sê: "Toe ek weer met hierdie stof werk, het ek opnuut bewus geraak van die fyn betekenisnuanses van elke stukkie gebeurtenis daar op Golgota", dan besef 'n mens jy kan maar 80 of 90 jaar oud word, maar jy sal elke keer nog iets nuuts uit hierdie stuk geskiedenis haal.

Kom staan saam stil en verwonder jou oor Jesus Christus se fyn en sekure taakvoltooiing: Hy gehoorsaam die opdrag van sy Vader ten volle, Hy vervul die wet volkome. Kom staan stil by Golgota en luister mooi na die eggo van Christus se voltooide offerwerk wat ons tot in die jaar 2020 van ons Here kan hoor.

'n Geseënde Paasfees vir elkeen van julle toegewens

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

"Dit is vol

Christus se pad van lyding eindig

DEUR DR. JP BINGLE (WINDHOEK-EMERITUS)

Tetelestai. Dit is volbring! Die sprekende Man van smarte daar aan die kruis het net één Griekse woord nodig om te sê: My pad van lyding eindig – my werk is klaar gedoen.

'n Woord gelaai met hemelse werklikhede

In Afrikaans is hierdie een Griekse woord drie woorde: *"Tetelestai"*, of dan: "Dit is volbring." Hierdie kort kruiswoord is die voorlaaste woord van die Sterwende.

Nou gaan bloed en lewe stol in die dood. Langer kan dit nie. Die einde is besig om aan te breek.

Een woord, in die laaste oomblikke, maar by die klink van dié woord knars die sesde venster op Golgota wyd oop. Ons kyk in die gemoed van die Nasaréner, en die verhelderende strale van God se ewige Raad skyn deur.

"Tetelestai – dit is volbring!" 'n Woord gelaai met hemelse werklikhede. "*Tetelestai* – dit is volbring!" En vandag nog dawer dié woord oor die velde van die geskiedenis.

Wat is volbring?

Maar as hierdie woorde so vanaf die doodsheuwel naby die Joodse hoofstad tot ons kom, moet ons sekerlik nou eers die vraag beantwoord: "Wat is volbring?" Dit is eers dan, as ons die antwoord hierop het, dat ons die inhoud en betekenis van dié kort, vol sin sal begryp.

Ons moet sekerlik hier aan minstens twee sake dink.

As die moeë Man van Nasaret met een van sy allerlaaste asemstote dié woord uitspreek, tot klank bring, dan sê Hy daarmee (dit is tog logies, nie waar nie?) "My lydenspad is nou voltooi, Ek is by die einde"; en dan sê Hy óók daarmee: "Ek het alles volbring, die ganse Wet en die profete".

"Dit is volbring." Die pad van lyde, en die pad van Wetsgehoorsaamheid. Dié twee, hulle einde, is in die sesde woord van die kruis aangekondig.

Die pad van lyde is in die eerste plek volbring – dit is die pad wat van die krip oor die kruis na die graf lei. Dit is die pad van geen gestalte of heerlikheid nie, van geen aansien nie, van veragting, verlating – die pad van smarte vir die Man van smarte.

Die hoofhaltes van sy smartpad

Ons ken almal die hoofhaltes waarlangs sy pad van smarte geloop het:

Getsémane: Die gebedstuin anderkant die Kedrondal, Jesus Christus, die Eensame, worstelend onder die nagtelike hemel – sy gesig bleek van spanning en nat van trane, sy hande bewend om die wrange lydensbeker.

Gabbata: Die verhoorsaal in die buitelug, Jesus Christus, die Regverdige op die plaveisel van die brug van Antonia, die woonplek van die Romeinse prokurasiehouer in Judéa – sy rug ontbloot en rou en rooi van bloed, sy kop gekroon met dorings terwyl Hy gespot word as die Koning sonder verdediging in die onregsverhoor.

Golgota: Die bloedgrond buite die poorte van die stad, Jesus Christus die Heilige, tuimelend in die donker-duister van die raaiselagtige heuwel waar liggaam en siel skei in die krisisure!

Getsémane, Gabbata, Golgota… en nou roep die Worstelende aan die einde van sy lydenspad uit: "Dit

bring"



is volbring!" Tot hier loop die lydenspad. Nou gaan lewe en bloed stol in die dood. Die pad van lyde is enduit deurly.

Hoogtepunt én eindpunt

Waar die lyde sy hoogtepunt bereik, op Golgota, bereik dit ook sy eindpunt. 'n Moeisame pad van drie-en-dertig jaar lank, langs ruwe rotserande, kronkelend langs die steiltes van die Godsbestel, sluitend in die verlatenheid van die Hoofskedelplek. En die Sterwende roep dit uit (ja, hier het Hy ook pas nou die tweede dood, die ewige dood, die dood van die swaelvuurpoele gesterf vir sy volk): "*Tetelestai!*".

Hy plaas 'n punt agter sy lydenspad. Sy moeisame lewe en smartlike bloed gaan nou stol.

"*Tetelestai!*" Met hierdie woorde reik Jesus 'n verklaring uit tot God en die mense.

Tot God: Vader, die moeilike en vernederende pad tot in die dood het Ek voltooi. Vader, u verordeninge het Ek volbring. Hoor my oorwinningskreet: "Tetelestai!"

En tot die mense: Júlle pad van dood het Ek afgelê. Vir júlle het Ek die wil van God gedoen. Hoor my oorwinning: "*Tetelestai!*"

Dít is sy oorwinningskreet. En my oorstelpte uitroep van vreugde in God die Seun wat my as sterflike mens meer as oorwinnaar in Hom gemaak het. V

Hulle was te laat. Josef en Nikodemus. Jesus se liggaam het reeds gebroke en slap teen die kruis gehang. Hulle was te laat. Toe hulle kollegas in die Joodse raad skreeu 'Kruisig hom!' het hulle stilgebly. En nou was Jesus dood. En hulle was te laat. Ek vermoed hulle stilte was nou oorverdowend, soos hulle besig was om die Seun van God se bebloede liggaam van die kruis af te haal. Ek glo dat die las van stilbly, soveel swaarder was as die lewelose liggaam van Jesus wat hulle tot by sy graf moes dra.

Dit was een van daardie aaklige dae. 'n Regte Februarie-Maandag. Bloedig warm. 'n Klein dogtertjie met 'n willetjie van haar eie wat skree en weghardloop – en ek, wat met 'n groot swanger lyf haar moet agterna sit om met 'n groot bakleiery haar in die kar te laai en daarna wéér die verkeer werk toe moet trotseer. Mense wat op my gil in die verkeer, want my gedagtes is op 'n honderd ander plekke. Die kersie op die koek: 'n harde skop in die ribbes. En net daar in die verkeer, terwyl 'n vrou hande omhoog op my gil, huil ek hartstogtelik.

Teen baba se slaaptyd was daar niks van my oor nie. Was die gewig van my dag te swaar. In die stort het ek hygend en deur 'n sluier van trane net begin fluister: "Jy gaan nie vandag wen nie! Jy gaan nie vandag wen nie!" Oor en oor. En toe – rustiger – asof ek besef: "Jy kan nie meer wen nie… Jy is oorwin… Jy het nie meer 'n houvas oor my nie."

Na my kort stort omhels manlief my in die kombuis waar hy aandete gemaak het.

"Toemaar," sê hy. "Dit sal weer beter gaan."

Ek sak moeg op die bank neer na aandete. En dink terug aan 'n Bybelstudie wat ek bygewoon het oor Johannes 19:31-42. Josef en Nikodemus bly my spesifiek by. Wyse mans. Joodse leiers. Mans met aansien. Jesus-volgelinge. Wat, toe dinge vir hulle moeilik begin raak het, stilgebly het. Toe hulle kollegas gegil het, 'Kruisig hom!', niks gesê het nie. Vir welke rede ook al. En ek dink terug aan my moeilike dag – het ek ook stilgebly? Oor Jesus se goedheid in my lewe – juis toe alles om my geskree het oor 'n stukkende en ongeduldige lewe? Het ek die moeilik, sonder dat dit nodig was, saam met my gedra? Soek ons nie almal maar net 'n neersitplek vir ons seer nie? Is dit hoekom ons mekaar met woorde, handgebare en selfs stilte seermaak – net sodat ons die gewig van ons kleingeloof êrens kan neerlê? By iemand anders.

Want so het Josef en Nikodemus se swaar en oorverdowende las van stilbly, wat hulle genoodsaak het om hulle reputasies te waag en hulself te ontreinig vir die Sabbat die volgende dag, te swaar geword om met hulle saam te dra. Maar dit was te laat. Jesus was reeds dood. En die storie kon seker daar geëindig het. In die graf wat Josef ten duurste gekoop het – waar Nikodemus Jesus met baie duur geurolie behandel het. Nadat hulle die klip voor die graf se opening gerol het, het hulle na hulle huise en hul families toe teruggekeer het. Dalk steeds die Sabbat begin vier het. Met die gewig van hul besluite wat heeltyd soos 'n stink-stemmetjie in hulle ore fluister: "Lafaard ... Wat het jy gedoen?" Terwyl hulle saam met hulle families geëet het, al die Joodse tradisies steeds religieus nagekom het, moes dit in hulle gewete gesuis het: "Ek was te laat."

Maar die storie het nie daar geëindig nie, want Jesus het drie dae later uit die dood opgestaan. Dit was volbring. Die dood was oorwin. Die stank van die dood sou nou geen houvas meer oor Jesus-volgelinge hê nie.

Ek wonder hoe Josef en Nikodemus gevoel het toe hulle uitvind die graf is leeg?

Die volgende dag suis dit ook in my ore: "Leef ek asof Jesus se graf leeg is? Leef ek asof my sondes, my tekortkominge as ma en vrou en Christen oorwin is? Of bly ek stil oor Jesus? Laat ek toe dat my lewe skreeu 'Kruisig, hom!' of staan ek dankbaar by 'n kruis en 'n leë graf? Soek ek nog neersitplek vir my seer – of lê ek dit aan die voete van Jesus neer?

Want al wat oorgebly het van Josef en Nikodemus se stilbly en tekortkominge was die linne waarmee hulle Jesus toegedraai het. En al wat oorbly van my kleingeloof, my seer en my aaklige Februarie-Maandag, is 'n leë graf. V



NEERSITPLEK VIR MY SEER

DEUR JUDITH KAMFFER